

Skriflesing: Genesis 50:19-26; Klaagliedere 3:18-33

Nederlandse Geloofsbelydenis: **Art 13**

Teks: **Genesis 50:20; Klaagliedere 3:31-33**

Sing- **Ps. 100:1,3; Ps. 128:4; Ps. 89:6; Ps. 31:1,12**

Genesis 50:19-26

Gen 50:19 Maar Josef het hulle geantwoord: Moenie bevrees wees nie; want is ek in die plek van God?

Gen 50:20 Want julle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou.

Gen 50:21 Wees dan nou nie bevrees nie: ék sal julle en julle kinders onderhou. So het hy hulle dan getroos en na hulle hart gespreek.

Gen 50:22 En Josef het in Egipte gewoon, hy en die huis van sy vader. En Josef het honderd en tien jaar gelewe.

Gen 50:23 En Josef het van Efraim kinders gesien van die derde geslag. Ook die kinders van Magir, die seun van Manasse, is op Josef se knieë gebore.

Gen 50:24 En Josef het aan sy broers gesê: Ek gaan sterwe, maar God sal gewis op julle ag gee en julle uit hierdie land laat optrek na die land wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het.

Gen 50:25 En Josef het die seuns van Israel laat sweer en gesê: As God sekerlik op julle ag sal gee—bring dan my gebeente hiervandaan op.

Gen 50:26 En Josef het gesterwe, honderd en tien jaar oud. En hulle het hom gebalsem, en hy is in 'n kis gesit in Egipte.

Klaagliedere 3:18-33

Lam 3:18 Ja, ek het gesê: My roem het vergaan en my hoop op die HERE.

Lam 3:19 Sajin. Dink aan my ellende en my omswerwing, aan die wilde-als en die gif.

Lam 3:20 As my siel terdeë daaraan dink, buig hy hom neer in my.

Lam 3:21 Dit sal ek ter harte neem, daarom sal ek hoop:

Lam 3:22 Get. dit is die goedertierenhede van die HERE dat ons nie omgekome het nie, want sy barmhartighede het geen einde nie;

Lam 3:23 hulle is elke môre nuut; u trou is groot.

Lam 3:24 Die HERE is my deel, sê my siel, daarom sal ek op Hom hoop.

Lam 3:25 Tet. Goed is die HERE vir die wat op Hom hoop, vir die siel wat Hom soek.

Lam 3:26 Dit is goed om in stilheid te hoop op die hulp van die HERE.

Lam 3:27 Dit is goed vir 'n man dat hy die juk in sy jeug dra.

Lam 3:28 Jod. Laat hom eensam sit en swyg, as Hy hom dit opgelê het.

Lam 3:29 Laat hy sy mond in die stof steek—miskien is daar hoop!

Lam 3:30 Laat hy die wang gee vir die wat hom slaan, laat hy genoeg kry van smaad.

Lam 3:31 Kaf. Want die Here sal nie vir ewig verstoot nie.

Lam 3:32 Maar as Hy bedroef het, ontferm Hy Hom na die grootheid van sy goedertierenhede;

Lam 3:33 want nie van harte verdruk of bedroef Hy die mensekinders nie.

Artikel 13: Die voorsienigheid van God

Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskep het, dit nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie maar dit volgens sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie. Tog is God nie die bewerker van die sondes wat gedoen word nie, en dra Hy ook nie die skuld daarvoor nie. Sy mag en goedheid is immers so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en uitvoer, selfs al handel die duiwels en goddelose mense onregverdig. Ons wil ook nie verder as wat ons kan verstaan, nuuskierig ondersoek instel na dié dinge wat Hy bo die vermoë van die menslike verstand doen nie; intendeel, ons eerbiedig juis in alle nederigheid en in aanbidding die regverdige oordele van God wat vir ons verborge is. Ons is tevrede daarmee dat ons leringe van Christus is om slegs te leer ken wat Hy in sy Woord openbaar, sonder om die grense daarvan te oorskry.

Hierdie leer bied onuitspreeklike troos as ons daardeur geleer word dat niks per toeval oor ons kan kom

Pretoria- 27 April 2014

nie maar alles deur die beskikking van ons hemelse Vader oor ons kom. Hy waak oor ons met vaderlike sorg en heers so oor alle skepsels dat sonder die wil van ons Vader nie een haar van ons kop - hulle is almal getel - en ook nie een mossie op die aarde kan val nie (Matt. 10:29-30).

Ons verlaat ons hierop, omdat ons weet dat Hy die duiwel en ons vyande in toom hou, sodat hulle ons sonder sy toelating en wil geen skade kan aandoen nie. Daarom verwerp ons ook die gruwelike dwaling van die Epikureërs, wat sê dat God Hom met niks bemoei nie en alle dinge aan die toeval oorlaat.

Joh. 5:17; Heb. 1:3; Sp. 16; Ef. 1:11; Jak. 4:13; Job 1:21; 2 Kon. 22:20; Hand 4:28; 2:23; 1 Sam. 2:25; Ps. 115:13; Jes. 45:7; Amos 3:6; Deut. 19:5; Spr. 21:1; Ps. 105:25; Jes. 10:9; 2 Tess. 2:11; Eseg. 14:9; Matt. 10:29; Rom. 1:28; 1 Kon 11:23; Gen. 45:8; 50:20; 2 Sam. 16:10; Matt. 8:31; 1 Joh. 2:16; Ps. 5:5; 1 Joh 3:8; Gen 1:26; Kol. 1:15; 3:10.

Skriflesing: Genesis 50:19-26; Klaagliedere 3:18-33

Nederlandse Geloofsbelydenis: **Art 13**

Teks: **Genesis 50:20; Klaagliedere 3:31-33**

Sing- Ps. 100:1,3; Ps. 128:4; Ps. 89:6; Ps. 31:1,12

Wanneer ons Artikel 13 van die Nederlandse Geloofsbelydenis vanoggend bely, wanneer ons ons kindertjies doop, broeder en suster dan kan dit nie anders as om weer vir so vir 'n oomblik aan hom te dink wie hierdie belydenis opgestel het nie. De Bres nog in sy jong jare, 'n man wat sy juk al in sy jeug moes dra... God sê dit is goed... Dit is goed om jou juk in jou jeug te dra. De Bres was maar 24 jaar oud, in 1548, toe was De Bres al getuie hoe mense vir hulle gereformeerde geloof gedood is. Gereformeerde predikante en hulle vroue is in Bergen, daardie tyd in De Bres se tuisdorp, aan die brand gestee. Hulle vroue is lewendig begrawe. Kort na die gebeure het De Bres self na Londen gevlug, daar bly hy tot in 1552. In 1552 kom bly hy weer naby sy tuisdorp wel by Rijssel, waar hy met ywer en deursetting die werk as bedienaar van die Woord voortsit. Weer moet hy na amper 4 jaar vlug, toe vlug hy na Genève. Hier ontmoet hy ook vir Calvyn. Ons kan aanvaar sy inlywing en deurlewing van die gereformeerde geloof en belydenis word net dieper en dieper. Hier ontmoet hy ook sy lewensmaat Catherine Ramon.

In 1559 gaan hy weer terug na Nederland, na Doornik. Hy word hulle predikant maar weer met die grootste bedreiging oor sy lewe. In die nagte moet hy die lidmate besoek, dit mag nie gesien word wat hy doen nie, alles gebeur in die geheim, die gemeente verdeel maar in klein groepies om so nie die aandag te trek wanneer hulle saamkom nie. Hulle kom nie meer as 12 bymekaar nie. Daar word in klein groepie na klein groepie gewerk. Alles baie intensief, daardie klein groepies is deur hom al meer en meer die kosbare gereformeerde oortuiging geleer. Tog voel hierdie groepies soos hulle al meer oortuig raak dat hulle word deur hulle geloof gedring om daarmee aan die wêreld te vertel wat God vir hulle doen en beteken.

Daar breek die dag aan wat hulle in getalle Doornik se strate inbeweeg, hulle begin hard en met vreugde Psalms te sing, selfs het dit van die leiersfigure van Doornik ingesluit. Dit laat dadelik die owerhede na die swaard gryp wat die soldate die strate instuur om die mense gevange te neem. Toe het De Bres reeds die Nederlandse Geloofsbelydenis op papier begin uitdra as 'n belydenis, hy het ook in 1561 'n baie belangrike inleiding tot hierdie belydenis geskryf, waarin hy die owerhede en die gesaghebbers wil oortuig hulle is nie oproermakers, haters van die staat nie, rewolusionêres wat die regering wil omvêrwerp nie, al word hulle daarvan verdink en beskuldig.

Soos die soldate hulle vervolg het De Bres die nag gegaan en sy inleiding tot die belydenis en dan die 37 Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die kasteelmuur gegooi met die hoop koning Filip II moet dit lees en besef watter onreg word hulle as gereformeerdes aangedoen. Verskriklik om so vir jou lewe te boet vir net waarin jy waarlik kinderlik glo. Jou vrou word lewendig begrawe, jy word gejag en aan die brand gestee...waarvoor?! Hulle wil eintlik gehoorsaam wees, ook aan die owerheid, dit alles was die gesindheid en die motief wat daardie skrywe bevat het. Filip II was daardie stadium nie daar nie, maar toe brand die vervolging eers los. De Bres moet weer vlug en vir 5 jaar het hy soos 'n verdwaalde swerweling maar moes wegkruip en stilbly in wat hy net kinderlik glo. Tog sy belydenis was geskrywe, word gelees, ja dit steek net nog meer vure aan.

In 1566 ontvang De Bres 'n beroep na 'n gemeente in Valenciennes. Ondersteuning vir die reformasie word groter en groter. Daar is sprake van groot groepe, tot soveel as groepe van 4000-12 000 wat sommer in van hulle landerye bymekaarkom om De Bres as verkondiger van die Woord te hoor. Maart 1567 besluit die owerhede om nou daadwerklik 'n einde hieraan te bring. Valenciennes word ingeval, baie word gevang en gemartel, De Bres kry net-net gevlug, maar by 'n tipe van hotel word hy raakgesien verraai en gearresteer. Weer kom hy in Doornik, nou in die tronk en twee en 'n halwe maande later, op 31 Mei 1567 word hy vir hierdie geloof en belydenis opgehang en het hy gesterwe.

Hierdie uittog in De Bres se eie lewe wil ek graag toepas op wat ons in art 13 vandag bely het. In die lewe waarin ons is, het ons ook weer 'n kindjie gedoop. By die oorsig oor Art 13, by die beloftes van die doop, wil God se voorsienigheid die lyne duidelik trek. Het, het niks om oor te twyfel nie. Al kry ek swaar, al kom ek in gevaar, al hang my lewe aan 'n draadjie, Art 13 is ons belydenis soos dit De Bres en hierdie ouers van hierdie kindjie se belydenis moet wees. Alles staan onder die voorsienigheid van God. Al is De Bres gehaat en was daar so baie onseker tye. Al moet hy vlug en wegkruip, al moet hy meer in die nag werk, want in die dag is dit te gevaarlik, maar lees ons die woorde van artikel 13 dan is dit duidelik De Bres twyfel nie oor wat God doen nie. Hy is nie bang en frustreer omdat die God Hom so laat swaarkry en hy so versigtig vir sy lewe moet waak nie. De Bres voel hom nooit uitgelewer aan die noodlot of aan ander mense se brutaliteite nie, al is hulle ook hoe brutaal en wreed!

Trouens wie artikel 13 Nederlandse Geloofsbelydenis vandag weer rustig kon deurlees word nie aan die onsekerhede van die lewe oorgelewer nie, maar juis aan die sekerhede. Rustig met oorgawe kan ons woorde lees van hom wat al kry hy hoe swaar, al kyk hy keer op keer weer vas in die dood, al is hyself gedood het dit hom nie laat twyfel, dat te midde van alles en ten spyte van alles wat met hom gebeur, is hy steeds in die hande van die alleenwyse, barmhartige, regverdige God en Hemelse Vader wat nie opgehou het om ook die hare op sy kop te tel nie en daar het nog nie een uitgeval sonder dat God nie weet nie!

Ja, die hooflyne van art 13 wys na God wat betrokke is, wat nie net belangstel in die verlossing van sy kinders nie, maar ter wille van Jesus, die Een om Wie dit alles moet gaan, is God betrokke en gee Hy om vir hierdie wêreld wat in groot nood verkeer dat daar oor God se heerskappy en God se betrokke wees in die wêreld wat God Self geskape het, by ons geen twyfel moet wees nie. Elke haar en elke vlooi is in God se hande... Ja, dit sien ons duidelik toe Israel Kanaän kon intrek dan moet die perdebye na God luister. Hy gee vir Israel die versekering in Eks 23:28- *Ook sal Ek perdebye voor jou uit stuur; dié sal die Hewiete, Kanaäniete en Hetiete voor jou uit verdrywe.* Die perdeby-versekering lees ons weer in Deut. 7:20, nog weer in Jos 24:12... Ja in Jes. 7:18-19 lees ons van die Here wat sê Hy kan vir die vlieë fluit... *En in dié dag sal die HERE vir die vlieë fluit wat aan die einde van die strome van Egipte is, en die bye wat in die land Assur is; ¹⁹ en hulle sal kom en almal gaan sit in die*

dale van die steil hoogtes en in die skeure van die rotse en op al die doringbosse en op die drinkplekke.

Hoe mooi onderstreep die Kategismus, Sondag 10 nie alles wat ons hier bely nie- Die vraag is: ***Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?*** Ons antwoord- **Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a) waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom (f).** Vraag 28 is net so belangrik ***Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?*** Ons antwoord: **Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertroue in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e).**

Met die Nederlandse Geloofsbelydenis aan die hand van dieselfde God wat voorsien, gaan dit oor God wat steeds sy skepping bohou, dit is alles steeds in God se hande. God regeer oor alle dinge. Ja, die Nederlandse Geloofsbelydenis het 5 sentrale lyne hier. Saam met die feit dat God oor alles regeer, beteken dit nie dat die begin van sonde by God begin nie, tog het God ook mag oor die sonde. Art 13 wys baie duidelik, juis met wat vooraf staan, dat ons nie moet dink ons kan alle dinge met ons verstand verstaan en verklaar nie. Baie dinge so ondeurgrondelik wat vêr bo ons begrip geplaas moet word. Tog in die voorlaaste rede wys die Nederlandse Geloofsbelydenis dat hier is vir ons 'n onuitspreeklike troos in alles opgesluit. En dan laastens doen die Nederlandse Geloofsbelydenis weer ,soos ook in art 12, daar word in art 13 'n pertinente dwaling uitgewys wat ons moet verwerp.

Hierdie belydenis wat ons elke dag se lewe raak, ja selfs Job in sy swaarkry, ons weet sy vriende het baie verkeerde dinge oor Job gesê, maar tog het die een vriend Elihu hierdie baie waar woorde uitgespreek- Job 34:14-15 ***14 As Hy (dit is God) op Homself ag sou gee, sy Gees en sy asem na Hom sou terugtrek, 15 dan sou alle vlees tesame die asem uitblaas en***

die mens sou tot stof terugkeer. Dit staan heel in aansluiting met Psalm 104:29-30:

29 U verberg u aangesig, hulle word verskrik; U neem hulle asem weg, hulle sterwe en keer terug tot hul stof. 30 U stuur u Gees uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut. Ons kan maar net beaam wat Paulus daar op die Areopagus ook gesê het- Hand 17:28 ; *28 want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag.*

Geliefdes, dit wat ons hier duidelik moet raaksien, dit was in die lewe van Josef so duidelik, ook in die lewe van Paulus. Josef wat die bitterste moes deurgaen, deur sy broers verkoop, uitgelewer, verraai, die verskriklikste van leuens en menslike swakhede word 'n digte web waarbinne Josef al hoe vaster en vaster raak, die spinnekop van bedrog hou hom vas, toe die skinker in die gevangenis hom sou kon help, toe word hy vergeet, alles menslike dinge wat gebeur het, maar op die einde dan sê Josef oor hierdie erg menslike swaarkry- *Want julle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou.* Josef maar ook Paulus. Die tye wat Paulus ook in die gevangenis was. In een van sy gevangenisbriewe , dié aan die Filippense wys Paulus hy kon ook seker omkoopgeld, invloedryke mense probeer misbruik om vanuit sy haglike omstandighede te ontsnap, maar Paulus oorweeg niks van hierdie dinge nie. Hy vertrou nie op onwettigheid en allerhande misbruik van middele en situasies nie, maar in alle omstandighede dink Hy aan wat Jesus Christus vir hom gedoen het. Alles wat Jesus vir ons deurgegaan het om ons sy eiendom te maak. Ons is duur gekoop, daarom sal Hy sy eiendom nie los nie, al kry sy kinders swaar. God het voorsien, Hy sal voorsien.

Ja, ons kan hier aan twee werkwoorde dink wat met HELP saamgaan. Voorsienigheid van God het baie met die hulp van God te make. Paulus wys hoe hy in baie van sy swaar gehelp was, maar Paulus wys ook op die betekenis van om jou te behelp. Behelp gaan daaroor dat ek te midde van my swaar omstandighede deur God tot my regkom. God gee my die krag en insig om myself te help. Ander kan my help, ek moet ook myself kan help, dit alles moet gesioen word as hoë die Here my help. Om behelp te wees lê in die betekenis van Fil. 4:11 *want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is.*

Ja, by die doop van hierdie kindjie vandag mag ons weet daar sal ook dinge in haar lewe, haar ouers se lewe, ons as gemeente se lewens kom, dinge wat swaar is en ons nie verstaan nie. In Klaagliedere laat Jeremia ons nie los van hierdie dinge nie. Klaag.3:20 wys daardie tye en oomblikke wat ook jou en my verstand kan vasdraai. Jou siel moet hom maar neerbuig... In Klaagliedere is dit van die kern temas hoe kan God dit toelaat die verskriklike wat oor ons stad Jerusalem gekom het. Die tempel is onheilig, God het sy volk laat doodmaak. Hulle is in die ballingskap oorgegee. Ja, sê Jeremia in Klaag 3:19, baie van hierdie gedagtes is bittere gedagtes. Hy noem hoe gal en gif deel van hulle geestelike mondering geword het. Tog kan daar gebid word- *Dink aan my ellende en my omswerwing, aan die wilde-als en die gif.* Dit gaan daaroor dat ek nie aan my verbitteringe oorgegee moet word nie. Al is daar baie dinge wat ons bitter kan maak. Ja, dit gaan oor wat Heb.12:15 ons wys- *pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie.* Wanneer ons hierdie belydenis begin uitleef, dan mag ons nie skuldig wees aan enige bitterheid, verwyte, wanhoop en agterdog nie. Dit is die dinge wat hierdie belydenis wil vernietig. Ons stel ons belydenis se visier in op God se liefde. Dit is waarna ons moet korrel. Al laat God dinge gebeur vêr bo wat ek kan verstaan of begryp. Tog is dit God se liefde wat ons verstand te bowe gaan. (Ef. 3:19). Die God wat sy Seun gegee het om vir jou sondes te sterf. Dit is beslis liefde bo ons verstand, dit is net God wat dit kon bedink en ons dit skenk. Daarom mag ons almal vandag hier, ook ons gedoopte kindjie, in die onbegryplike dag, in die eensaamheid, ja al die dinge wat Klaagliedere so noem, die Here sal nie vir ewig verstoot nie, al wil mense ook wat aan my doen van God se liefde is ek nie geskei nie, al wil selfs my verstand my anders leer!

AMEN